

Van toets tot triomf



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Daniël 3, Openbaring 3:11-18, Ekodus 20:3-6, Deuteronomium 6:4, 1 Korintiërs 15:12-26, Hebreërs 11.

Geheueteks:

“Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag” (*Daniël 3:17, NAB*).

“**G**evul met die Heilige Gees is dit hulle geloofsverklaring voor die mense van Babilon: dat die God wat hulle aanbid die enigste ware God – die lewende God – is. Hierdie geloofsdemonstrasie was die mees veelsegende uiteensetting van hul beginsels. Om afgodsdienaars van die krag en mag en grootsheid van die lewende God te oortuig, vereis dat die dienaars van God self ontsag vir die Here moet hê en toon. Dat Hy alleen die eer en aanbidding moet ontvang, is iets wat die gelowige na vore moet bring. Aan die feit dat niks of niemand, selfs nie die behoud van die lewe self, die Christen sover kan bring om die geringste toegewing aan afgodery te maak nie, moet die gelowige ook uiting gee. Hierdie lesse het ’n direkte en deurslaggewende invloed op ons geloofsliewens in die laaste dae” (Ellen G. White, *In Heavenly Places*, bl. 149). Om die dood in die gesig te staar en dit a.g.v. ’n aanbiddingsgeskil klink dalk na iets uit ’n voorwetenskaplike en bygelowige tydvak, tog toon die Bybel dat iets soortgelyks in die eindtyd – wanneer die wêreld reeds ongekende “vooruitgang” beleef het – gaan ontvou, maar dié keer op ’n globale vlak. Die bestudering van hierdie bybelverhaal bied die eindtydgelowige dus insae in die soort kwessies wat die Bybel hier beskryf en wat God se getroue kinders in die gesig staar.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 25 Januarie.*

Die goue beeld

Lees Daniël 3:1-7. Wat is die koning se redes vir die bou van die beeld?

Bykans 20 jaar het verloop sedert die koning se profetiese droom en die bou van die beeld. Nietemin wil dit voorkom of die koning nóg van die droom nóg van die feit dat Babilon gedoem is om deur anders moondhede vervang te word, kan vergeet. Hy is nie tevrede om net die kop van goud te wees nie. Nee, slegs 'n beeld wat in geheel van goud gemaak is, is goed genoeg om hom en sy ryk te simboliseer. Op daardie manier wou hy dit by sy onderdane tuisbring dat Babilon vir ewig sou duur. Hierdie hoogmoed laat 'n mens dink aan die toring van Babel, wie se bouers uit pure verwaandheid besluit het om God self teë te gaan. Nebukadnesar is net so verwaand. As heerser van Babilon het hy groot dinge vermag, en kan nou nie aanvaar dat sy koninkryk tot 'n einde gaan kom nie. Derhalwe bou hy 'n majestueuse beeld as 'n selfverheffingsgebaar, om sy mag ten toon te stel en sodoende die lojaliteit van sy onderdane te toets. Hoewel dit nie duidelik is wat of wie hier uitgebeeld word nie – die koning of 'n Babiloniese god – moet 'n mens in gedagte hou dat daar dikwels maar min, indien enigsins, skeiding tussen kerk en staat in antieke tye was. Verder moet 'n mens in ag neem dat Nebukadnesar twee potensieel-leersame kennismakings met die ware God gehad het. Eerstens toets hy die jong Judese raadgewers-in-opleiding en kom tot die slotsom dat hulle tienkeer slimmer as hul Babiloniese eweknieë is. Nebukadnesar se tweede kennismaking met God was tydens die droom-krisis, toe die Babiloniese raadgewers nie vir die koning kon sê wat hy gedroom het nie; en toe Daniël die koning se gemoedstoestand ten tye van die droom, asook die inhoud en uitleg van die droom met God se hulp later bekend gemaak het. Uiteindelik bely Nebukadnesar die opperheerskappy van die God wat Daniël aanbid. Verbasend genoeg was hierdie twee teologie-lesse nie voldoende nie, want Nebukadnesar beland weer in afgodediens. Wat is die rede vir dié afvalligheid? Bes moontlik selfverheffing. Die sondige mens wil nie regtig aanvaar dat sy [of haar] stoflike en intellektuele prestasies 'n gejaag na wind is en eendag tot 'n gewisse einde gaan kom nie. Soms is ons soos wafferse “Nebukadnesartjies” – ons skenk te veel aandag aan ons prestasies en vergeet hoe nietig hierdie dinge met betrekking tot die ewigheid is.

Hoe kan 'n mens die regte gesindheid en geestesingesteldheid aankweek, sodat 'n mens nie in dieselfde strik (of in meer subtiele strikke) as Nebukadnesar beland nie?

Die opdrag om te aanbid

Lees Daniël 3:8-15 en Openbaring 13:11-18. Watter ooreenkomste sien 'n mens tussen die dinge wat in Daniël se leeftyd gebeur en dié wat in die eindtyd gebeur?

Die goue beeld in die Dura-dal, wat in Akkadies “ommuurde plek” beteken, laat die hele toneel na 'n opelug-tabernakel lyk. Om alles te kroon, is die vuuroond daar naby amper soos 'n soort altaar. Boonop vorm Babiloniese musiek deel van die liturgie. Sewe soorte musiekinstrumente word genoem, moontlik in 'n poging om die volledigheid en doeltreffendheid van die vereringsprotokol tuis te bring. Die hedendaagse Christen word vanuit alle oorde met nuwe soorte leefstyle en sienswyses gebombardeer, met die verwagting dat ons ons verbintenis tot God en sy Woord – m.a.w. sy gesag in ons lewens – moet prysgee, en dat ons liewers lojaal teenoor eietydse weergawes van Babilon moet wees. Die aantreklikheid van die wêreld waarin ons leef, blyk partymaal oorweldigend te wees, tog moet ons ons telkens vergewis van die feit dat getrouheid aan die Skeppergod altyd voorrang moet geniet. Volgens die profetiese kalender leef ons tans in die pylvak van die wêreldgeskiedenis. Openbaring 13 bring dit onder ons aandag dat alle aardbewoners beveel sal word om die dier en sy beeld te aanbid. Hierdie dier-entiteit sal toesien dat “aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word” (*Op. 13:16, OAB*).

Ses soorte mense sweer trou aan die beeld en sy dier: “klein en groot, rykes en armes, vrymense en slawe.” Voorts het die dier 'n spesiale getal – 666 – wat duidelik klem lê op die getal ses. Dit toon dat die beeld wat Nebukadnesar laat oprig het, in 'n metaforiese sin vooruitwys op die aard en optrede van eindtyd-Babilon (lees Dan. 3:1 in die OAB, en let op die simboliese waarde van die el-mates 60 en 6). Dit baat dus die leser om versigtig met die presiese gebeure in hierdie vertelling tred te hou, asook die wyse waarop die Here as Hemelkoning die wêreldgebeure rig.

Aanbidding gaan nie slegs oor die neerbuig voor iets of iemand terwyl jy openlik ewige trou aan daardie ding of persoon sweer nie. Op watter ander, meer subtiële, maniere kan 'n mens in afgodsaanbidding beland?

Die vuurdoop

Vir die drie Judeërs is die gedwonge aanbidding van die koning se beeld 'n blatante vervalsing van die tempelaanbidding wat hulle voor hul ballingskap in Jerusalem beoefen het. Hoewel hulle amptenare in die Babiloniese Ryk is en derhalwe lojaal aan die koning is, plaas hul opperste getrouheid aan God 'n perk op daardie loyaliteit. Om die koning aan te hou dien, om getroue amptenare te wees – daarvan sal hulle deel wees, ja – maar aan dié afgodseremonie kan hulle nie deelneem nie.

Lees Eksodus 20:3-6 en Deuteronomium 6:4. Hier het ons waarskynlik die beweegrede vir die standpunt wat hierdie jongelinge ingeneem het. Hoe verwoord dit moontlik daardie besluit?

In ooreenstemming met die gegewe koninklike bevel buig almal neer voor die goue beeld toe die musiek begin speel, en aanbid dit. Sadrag, Mesag en Abednego is die enigste wat waag om die koning se bevel te verontagsaam. Die koning word summier daarvan verwittig. Die Babiloniërs wat so vinger wys, probeer die koning omkrap. Hier is hulle kwaadstook-argument: (1) die koning het self hierdie drie jongmans oor dele van Babilon aangestel, (2) Judeërs wat nie die koning se gode dien nie, en (3) wat nou nie sy beeld wil aanbid nie (*Dan. 3:12*). Ten spyte van die vreeslike venyn teen dié drie Judese raadgewers gee die koning hulle 'n tweede kans. Hy is bereid om die hele aanbiddingsritueel te herhaal, sodat hulle kans het om van besluit te verander en die beeld te aanbid. As hulle steeds volstrek weier, sal hulle in die brandende vuuroond gegooi word. Nebukadnesar sluit boonop sy vertoë op 'n ongelooflik arrogante noot af: “En wie is die God wat julle uit my hand kan verlos?” (*Dan. 3:15, OAB*). Met bomenslike onverskrokkenheid antwoord hulle: “Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie; die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie” (*Dan. 3:17 en 18; NAB, leesteken verander*).

Hoewel hulle weet dat die lewende God hulle kan red, het hulle geen waarborg dat Hy dit wel gaan doen nie. Nietemin weier hulle om die koninklike bevel te gehoorsaam, ten spyte van die lewendige verbranding wat op hulle wag. Waar kry 'n mens hierdie soort geloof?

Die vierde persoon

Lees Daniël 3:19-27. Wat gebeur hier? Wie is die ander persoon in die brandende vuuroond?

Nebukadnesar het die drie getroue Judeërs in die brandende vuuroond laat gooi, maar nou gewaar hy 'n vierde persoon (of wese) tussen die vlamme. Met die kennis tot sy beskikking noem hy daardie wese in Daniël 3:25 'n “godeseun” (OAB, die NAB praat van 'n “hemelwese” en die NLV van 'n “bo-aardse wese”). Veel meer kan die koning nie sê nie. Tog weet ons wie daardie vierde wese was en is. Dit is dieselfde hemelwese wat voor die vernietiging van Sodom en Gomorra aan Abraham verskyn het, dieselfde een met wie Jakob by die Jabbokspruit gestoei het, en dieselfde een wat Hom in die brandende bos aan Moses geopenbaar het. Dit is Jesus Christus voor sy vleeswording en gevolglike aardse bediening, en hier kom staan Hy sy kinders in nood by.

In dié verband skryf Ellen G. White: “Die Here vergeet nie van sy kinders nie. Terwyl die drie Judeërs in die brandende vuuroond gegooi word, verskyn die Here Self aan hulle. Hy is daar in lewende lywe. So staan die vier dan saam in die vlammezee – maar in die teenwoordigheid van Hom wat mag oor koud en warm het, verloor die vlamme hul vermoë om te verbrand en te veras” (*Prophets and Kings*, bl. 508, 509). Let op die Here se woorde in Jesaja: “As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie” (hfst. 43:2, NAB). Hoewel hierdie tipe verhale altyd byval vind, laat dit 'n mens tog wonder waarom sommige gelowiges wel 'n marteldood ter wille van hul geloof gesterwe het. Waarom is hulle dan nie gered nie? Tog was diesulkes sekerlik vertrou met die lot van bybelfigure soos Sagaria en Jesaja, getroue profete wat albei deur goddelose konings om die lewe gebring is. Die ganse bybel- en kerkgeskiedenis is deurspek van getroue gelowiges (en dit gebeur selfs vandag nog) wat vreeslik vir hul geloof moes ly, 'n foltering wat op 'n pynlike dood en nie op 'n wonderbaarlike redding uitgeloop het nie (wel ten minste nie in die teenswoordige wêreld nie). Die verhaal van Daniël se drie vriende in die brandende vuuroond is egter 'n voorbeeld van getroue gelowiges wat inderdaad op 'n wonderbaarlike wyse gered is, hoewel dit nie gewoonlik die geval is nie.

Watter wonderbaarlike redding wag egter op al God se getroue kinders, ongeag hul lot in die teenswoordige wêreld? (Lees 1 Kor. 15:12-26.)

Die geheim tot 'n geloof soos dié

Terwyl 'n mens so die traumatiese wedervaringe van Sadrag, Mesag en Abednego bekyk, ontstaan die vraag: Wat is die geheim tot 'n rotsvaste geloof soos dié? Waarom was hulle bereid om lewendig verbrand te word eerder as om die beeld te aanbid? Dink net aan al die slim verskonings wat hulle kon uitdink om in antwoord op die koning se bevel maar liewers die knie te buig. Tog staan hulle vas, en dit ten spyte van 'n marteldood wat sommige van hul geloofsgenote in die verlede al duidelik te beurt geval het.

Lees Hebreërs 11. Wat leer ons hieruit aangaande die aard van geloof?

Die aankweek van 'n geloof soos dié, vereis dat 'n mens geloof self verstaan. Party mense het 'n kwantitatiewe (oftewel, hoeveelheidsgebonde) benadering tot geloof – m.a.w. hulle tel al die kere wat hul gebede verhoor word (of ten minste, al die kere wat hulle as gebedsverhooring beskou) en bepaal so of hulle “genoeg” geloof het. Hulle gaan byvoorbeeld winkel toe en bid op pad soontoe vir 'n parkeerplek. As hulle met hul aankoms 'n gaatjie kry, meen hulle dat hulle 'n sterk geloof het. Indien al die parkeerplekke egter vol bly, meen hulle dat hul geloof nie sterk genoeg is nie en dat God derhalwe nie hul gebede verhoor nie. Uiteindelik word dit 'n gevaarlike manier van dink, aangesien dit 'n poging tot manipulasie is, 'n manipulasie wat God se opperheerskappy en alwysheid buite rekening laat.

Die maatstaf vir ware geloof – soos dié wat Daniël se vriende hier uitleef – is egter die kwaliteit van 'n mens se verhouding met God en die onwrikbare vertroue in Hom wat daaruit spruit. Ware geloof probeer nie om God se arm te draai sodat ons wil Syne word nie. Nee, dit is die gelowige wat sy of haar wil aan dié van die Here oorgee. Duidelik het die drie Judeërs nie vooraf geweet wat God se planne was toe hulle die koning teëgegaan en eerder aan God getrou gebly het nie. Hulle het bloot besluit om te doen wat reg was, ongeag die gevolge. Dit is die kenteken van 'n volwasse geloof in God. 'n Mens toon ware geloof wanneer jy jou wense voor Hom bring, maar met die vertroue dat Hy sal doen wat die beste vir jou as gelowige is, self al verstaan jy nie op daardie oomblik die betrokke situasie of rede daarvoor nie.

Op watter maniere kan 'n mens daaglikse geloof aan die dag lê – selfs in die ‘klein dingetjies van die lewe’ – sodat jy kan toeneem in die geloof en dus toenemend groter uitdagings die hoof kan bied? Waarom is “toetsing deur die klein dingetjies” in vele opsigte 'n toets vir die groter en belangriker vuurdope?

Vir verdere studie:

“Belangrik is die lewenslesse wat uit die verhaal van die Judese jongmanne in die Dura-dal te leer is. Baie van God se hedendaagse dienaars, mense wat doodonskuldig is, sal verneder en mishandel word – deur persone gevul met afguns en godsdienstige vooroordeel, mense onder leiding van die Satan. Groot sal die woede teen diegene wees wat die Sabbat van die vierde gebod heilig hou, totdat ’n wêreldwye dekreet uitgevaardig word wat diesulkes ter dood veroordeel.

“Die tyd van benoudheid wat vir die kinders van die Here voorlê, vereis dat ons ’n onwankelbare geloof moet utoileef. Ons moet aan almal toon dat slegs die Here ons aanbidding waardig is; en dat geen oorweging, nie eers die lewe self, ons sover kan bring om die geringste toegewinkie aan valse aanbidding te maak nie. Vir elkeen wat opreg getrou aan die Here bly, steek die wette van die beperkte en sondige mens, gemeet aan die woord van die ewige God, sleg af. Dit is onbeduidend. Hoewel God se getroue kinders by die waarheid gaan hou, sal dit natuurlik tronkstraf of ballingskap of selfs die dood tot gevolg hê” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 512, 513).

Vrae vir bespreking:

1. Lees 1 Petrus 1:3-9. Waarom red die Here sommige mense van lyding, maar nie ander nie? Of is die antwoorde op dié soort vrae bloot bo ons vuurmaakplek in die teenswoordige wêreld? Soms is daar geen wonderbaarlike redding vir diegene wat ly nie. Die vraag is net: waarom moet ons, ten spyte van sulke teleurstellings, in die goedheid van God bly glo?
2. Sou ons steeds lesse uit hierdie verhaal kon put as die Judeërs wel in die brandende vuroond omgekom het?
3. Watter uiterlike teken of kwessie, wat uit ons benadering tot die eindtyd blyk, toon die wie en die hoe van ware aanbidding aan? Hoe belangrik is die Sabbat dus?
4. Lees Lukas 16:10. Let op die woorde van Christus in hierdie teksvers. Watter beginsel moet ’n mens verstaan as jy werklik deur geloof wil lewe?
5. Lees weer Daniël 3:15 waar Nebukadnesar sê: “Watter god sal julle uit my mag kan red?” Hoe sal jy die koning antwoord?